



**The Trusted Home of Agriculture**  
**Die Betroubare Tuiste van Landbou**

**BKB Beperk**  
**Registrasienumer: 1998/012435/06**  
**("BKB")**



for the  
**LOVE**  
of the  
**LAND**

**VKB Beleggings Eiendoms Beperk**  
**Registrasienumer: 2011/007000/07**  
**("VKB")**

**3 JUNIE 2021**

## **GESAMENTLIKE AANKONDIGING: KOMPETISIE TRIBUNAAL GOEDKEURING VAN TRANSAKSIES TUSSEN BKB EN VKB**

Aandeelhouers van BKB en VKB ("**BKB & VKB Aandeelhouers**") word verwys na die aankondiging van 1 Oktober 2020 waarin aandeelhouers ingelig was aangaande, onder andere, die nastrewing van moontlike transaksies om sinergieë tussen die onderskeie besighede en/of bedrywighede van BKB en VKB te ondersoek (die "**Transaksies**").

Met hierdie aankondiging wil die onderskeie direksies van BKB en VKB (die "**Direksies**") die BKB & VKB Aandeelhouers asook ander belanghebbendes van BKB en VKB inlig rakende die vordering met betrekking tot die Transaksies.

### **Aqtergrond**

1. Soos op 1 Oktober 2020 aangekondig, het BKB en VKB 'n ooreenkoms gesluit wat dien as 'n oorhoofse raamwerk vir die gesamentlike nastrewing van die Transaksies.
2. Die Transaksies behels dat die volgende nuwe houer-struktuur gevestig sal word met gesamentlike aandeelhouding deur BKB en VKB, wat die volgende besighede sal huisves:
  - 2.1. **Handel en Brandstof** – hierdie word beoog om te bestaan uit 'n nuwe struktuur vir die onderskeie handelstakke van BKB en VKB Landbou Eiendoms Beperk ("**VKB Landbou**"), 'n filiaal van VKB, insluitend hul onderskeie brandstof besighede ("**Handel & Brandstof Transaksie**"); en
  - 2.2. **AgriFin** – in wese sal hierdie bestaan uit 'n nuwe struktuur vir BKB en VKB Landbou se onderskeie finansieringsbesighede met betrekking tot produksie- en seisoen-rekeninge, termynlenings en ander rentedraende kredietlyne ("**AgriFin Transaksie**").

### **Kompetisie Tribunaal Goedkeuring**

3. Die Direksies kommunikeer graag aan die BKB & VKB Aandeelhouders dat die Kompetisie Tribunaal beide die Handel & Brandstof Transaksie en die AgriFin Transaksie goedgekeur het.
4. In terme van die bogenoemde goedkeuring moet sekere voorwaardes aan voldoen word, wat bepaal dat (i) sekere meganismes geïmplementeer moet word om te verseker dat geen kompeterende sensitiewe inligting rakende die graan en oliesaad berging en verhandeling aktiwiteite van BKB of VKB uitgeruil sal word nie, en (ii) 'n transformasie inisiatief nagestreef moet word om BKB se brandstof besigheid te herstruktureer met betrekking tot die eienaarskap deur voorheen benadeelde individue in lyn met die vereistes van die Wet op Petroleumprodukte (120 van 1977) en die Handves vir die Suid-Afrikaanse Petroleum- en Vloeibare Brandstof Bedryf

### **Impak op die werknemers, produsente en aandeelhouders van BKB en VKB**

5. Die Transaksies sal geïmplementeer word deur 'n nuwe struktuur vir die handel, brandstof en finansiële dienste besighede van BKB en VKB (by hul onderskeie handelstakke), op 'n wyse waar:
  - 5.1. die onderskeie en aparte handelsmerke van BKB en VKB behou word; en
  - 5.2. die winste aan die onderskeie besighede van BKB en VKB effektiewelik uitgekeer word aan die aanvanklike eienaars daarvan (d.w.s. BKB of VKB).
6. Soos voorheen gekommunikeer, sal die aansporingskema ten gunste van die produsente van VKB behoue bly. BKB sal sy gedeelte van die winste as dividende ontvang wat gevolglik ook aan BKB aandeelhouders uitgekeer kan word.
7. Elk van BKB en VKB se handelstakke en vulstasies sal hul eie personeel en bestuur behou, en hierdie takke sal steeds fokus om die beste moontlike diens aan produsente en kliënte te lewer.
8. Die Direksies sien uit na die moontlikhede en geleenthede vir waardeskepping wat die Transaksies inhou vir produsente en aandeelhouders.

**GESAMENTLIKE UITREIKING NAMENS DIE DIREKSIES VAN BEIDE BKB EN VKB.**



vir die  
**LIEFDE**  
van die  
**LAND**



**Korporatiewe Transaksie-Adviseur**  
[pallidus.co.za](http://pallidus.co.za)



**Kompetisie en Regsadviseur**

**- EINDE -**